**‘n Beter lewe vir Mams**

**Zulfah Otto -Sallies**

Die môre vroeg staan Solly op. Sy hart voel swaar, hy’s siek van bekommernis. Hy kyk op die horlosie en besef dat dit alreeds sesuur is.

Hy moet wikkel, dink hy, die treine is weer stampvol vanoggend. “Daai M anenberg se lyn is ook ‘n helse rush innie oggend,” brom hy vererg by homself.

Solly loer by sy ma se kamer in. Yakoob, sy jongste broertjie, lê opgekrul teen haar. Wat gat o's maak, Mams? dink hy. Ek soek al drie jaar vir ‘n decent job. Matriek met vryst elling en dit vir wat? Net vir nog ‘n oggend van vroeg opstaan en harde gebouwerk doen. ‘n Boy, dis wat hulle my noem. 'n Gewone labourer, daai’s wat ek is, Mams.

Hy tel ‘n kombers op wat afgegly het, en gooi sy ma en boetie warm toe. Ek’s siek van die pl ek, Mams, ek is siek en sat van sukkel – so praat die stemme in Solly se kop. Daa’ issie mee’ 'n ramp wat o’s nog kan treffie ...

Gisteraand toe sy ma instap, het sy op 'n stoel neergesak en gesê: “Die factory maak toe, Solly.”

Net dit. In die nag het So lly haar hoor snik. My pa is oek soe 'n waste of time, dink Solly. Vi' hom het ek laas gesien toe ek twaalf was. Met 'n swaar gemoed trek Solly die voor deur toe. Ek moet anner werk kry, dink hy. Van 'n R150 'n week kan ons vier nie lewe nie.

Op die trein hoor Solly hoe die ouens praat. Die mans se gesprek draai om 'n staking by die groot bakkery in die stad. Solly luister stil, hy hoor hoe die ouens dreig met geweld as daar ander mense in hulle plek gaan werk.

En ek vra net meer geld vir kos op ons tafel , dink Solly. J ulle het nog tyd om te staak.

Dan baklei ander gedagtes weer in sy kop: Wat van jou, Solly, op skool voor gehardloop met die politieke optogte, geskree vir justice en democracy - en nou, Solly? Mams het haar doodgewerk om jou deur matriek t e kry, toe was jy 'n ander ou, glad in die tronk gesit vir onwettige politieke vergaderings hou. Die state of emergency was 'n ander storie. J onk en oud het gesuffer in die riots vir equal rights. Maar nou is al wat vir jou saak maak, kos in die huis.

Op skool het hy gedroom van universiteit toe gaan, ryk word en

vir Mams ‘n groot huis koop. Daai’s als verby nou. Toe die trein tot stilstand kom in Kaapstad se stasie, beur Solly driftig deur die mense om buite te kom. Wat’s daar nou oor van sy drome? By die bouplek steek hy die graaf met wilde hale in die nat sement.

Hy hoor hoe die voorman skree: “Boy, hier’s te min sement hier bo.”

“Boy se moer,” mompel Solly.

Die Xhosa-man wat langs hom werk, lag lekker en mompel iets in Xhosa vir hom. Teetyd sit Solly eenkant en eet lusteloos aan sy toebroodjie met die dun lagie oorskietbobotie van gisteraand. Die Xhosa-man kom nader. Hy kom sit langs Solly en gee vir hom 'n beker swart koffie aan.

“My naam is Sabu,” sê die man en gesels voort in gebroke Afrikaans. Sabu is vol grappe en nie lank nie of Solly en hy raak lustig aan die gesels en spot oor die voorman se middelbles.

Na werk stap Solly en Sabu diep in gesprek stasie toe. Op die stasie skree Sabu na een van sy vriende en wink hom nader. Sabu en die man raak aan die gesels terwyl Solly eenkant wag. Hy wonder waaroor hulle praat, want Xhosa verstaan hy glad

nie.

Skielik roep Sabu opgewonde na Solly. Sy vriend het 'n werk vir hom en Solly, verduidelik hy. Hulle kan baie geld maak. Baie. Solly voel sy kop word warm van opgewondenheid. Vyfduisend rand, sê Sabu. Vyfduisend rand - as hy duisend pille in Manenberg kan ver koop.

Solly se eerste reaksie is: Maak lat jy wegkom! Pille verkoop! Hy weet wat dit beteken. En Mams sal hom doodmaak! Dan weer: vyfduisend rand! Wat kan hy nie als vir Mams koop nie! Die stemme baklei in Solly se kop. Hy voel die sweet maak 'n koue straaltjie agter sy rug langs. Sabu en sy vriend wag.

"Komaan, Solly," por Sabu se vriend hom aan. Toe vat Sabu vir Solly aan die arm en hulle stap saam met sy vriend na 'n taxi. Die man in die taxi gee Sabu 'n boks met pakkies sigarette. Verward stap Solly saam met Sabu terug na die stasie. Sabu verduidelik dat die dwelms in die onderste pakkies is. Hy gee die pakkies aan Solly en hy gooi hulle met hande wat bewe, in sy werksak.

Daardie aand is Solly stil by die tafel, sy gedagtes heeltemal op 'n ander plek. Hy moet vir China in die hande kry, die sal hom help

verkoop. Hy's al in standerd sewe uit die skool uit. En hy's nie verniet een van die gang leaders in Manenberg nie.

Teen die einde van die volgende week oorhandig Solly twintigdui - send rand aan die taxi -eienaar. Eenduisend van Solly se vyfduisend gaan na China se kant - maar vierduisend kan hy in sy eie sak steek. Sy senuwees is rou maar sy kop sweef van opgewondenheid. Een ding pla: Hoe gaan hy die geld aan Mams verduidelik? Toe hy by 'n winkel verbystap wat egte leerartikels verkoop, besluit hy: Ek ga' 'n wallet koop. Ek sal Mams sê ek het dit opgetel.

Die aand toe Solly by die huis kom, is sy skouers byna af van al die kruideniersware wat hy moes dra. Nou kan sy ma weer lekker breyani maak - hy het tot saffraan gekoop. Sy ma is oorval van geluk; sy steek haar hande in die lug vir die genadigheid.

"Maar Suleiman," sê sy skielik ernstig, "waa' k ommit vandaan?"

"Opgetel, Mams. Daa' wassie 'n naam of niks by nie. Dis sieke ma' onse geluk."

Sy ma sê niks meer nie. Help net uitpak.

Solly se lewe verander soos handomkeer, al lyk dit buitentoe nog dieselfde. Hy stap nog elke oggend vroeg uit die hui s, maar hy

bring die dag deur deur reëlings te tref met China en die se maats. China-hulle noem hom nou “Die Don”.

Daar kom ál meer nuwe dinge in Solly -hulle se huis. Yusuf en Yakoob kry elkeen 'n fiets. Die buurkinders baklei vir ‘n beurt om op die fietse te ry.

Solly gaan al meer saans uit. Hy soen sy ma, sê: “Ek ga’ bietjie yt,” en kom dan in die vroeë oggendure terug.

Toe Solly se ma besef daar’s iets verkeerd, het Solly alreeds sy eie span werkers, wat daagliks verkoop. Snaaks, hy kon nie lieg vir sy ma toe sy hom op ‘n dag reguit vra waar die geld vandaan kom nie. Sy was histeries en wou hom uit die huis gooi.

Toe skree hy die eerste keer op haar: “Matriek gemaak vi’ wat, Mams? Daai sit noggie kos oppie tafel nie. Kyk hoedit met Mams gegaan? Allie jare werk Mams vi’ Mams vrek vi’ daai ou en toe los hy net ‘n note oppie deur: *Factory closed down. Please collect pay on Friday at the office.* Moet ek aanhou sien hoe Mams swaar kry? Mams, ek gat liewers tronk toe. Solank ek wiet ek het my bes getraai om 'n decent werk te soek. Drie jaar lank. Die hele land is in ‘n gemors. Daa’ issie werk vi’ onssie. Ek smokkel, ja, Mams, vi’ kos innie huis, en as ek gestraf moet word, dan is sit my saak.

Nooit wee' wil ek vi' Mams hoor huil oor daa' net brood innie huis is sie – al land ek innie tronk wiet ek Mams het genoeg geld innie huis om vi' lank nog kos te kan koop."

Sy ma huil. "Is djy kla' gepraat? Ek het jou nie soe grootgemaak – kie. Al het o's net brood in die hys gehat, was ek dankbaar. Al hierie nuwe goete in nie hys issie nodig nie. Djy is die oudste, Suleiman, en ek heddit nie van jou verwag nie. En om tronk toe te gat vi' soe 'n stupid iets. Dink djy dis lekke daa' saam met moornaars en sukke mense? Wi' djy nou dieselfde op end soes jou pa!"

Sy sak in die st oel neer en druk haar gesig in haar hande. Solly gaan sit voor haar. "Mams," sê hy, "ek is siek en sat om arm te wies. Ek kan dit nie mee' vattie. Dis 'n way om gou ryk te wies. Mams sal als kan koop wat Mams wil hê."

Maar sy ma stoot hom weg.

"Kanalla, M ams, moenie my wegstoottie."

"Gou ryk wies, is dit waaraan djy dink? Is djy dan soe stupid? Het djy niks verstand nie? Nei, Solly, ek willie môre of oormôre of wanne oek al vi' jou gaan uitken by die mork nie. Daa' eindig allie ouens wat met drugs sukkel. Ek willie sukke worries hê nie.

Of djy hou op met die dinge of djy is uit my hys."

Solly gryp sy baadjie en storm by die huis uit. Hy weet sy ma maak nie ‘n oog toe voor sy hom snags by die voordeur hoor inkom nie . . Maar hy is nou eenmaal op die pad ...

Die volgende môre praat Solly en sy ma nie 'n woord met mekaar nie. Solly weet goed sy brand om met hom te praat, maar hy kyk liewers weg. "J ou skoon broek is innie kame'," sê sy net een keer. "Tramma kassie, Mams," – en dis al.

Die tekens van sy smokkela ry word orals in die huis sigbaar. Yusuf en Yakoob spog met hul ouboet by die ander kinders, want hulle skoolskoene is blinknuut en die sweetpakke wat hulle vir Labarang gekry het, van die beste. Daar's nuwe meubels in die huis. Daar's ‘n telefoon.

Solly se ma kyk alles met dowwe oë aan. En as die bure probeer uitvis, bly sy doodstil.

Een aand – in die wintertyd – hoor Solly sy sê vir Yusuf: "Ek wenssie winter hou heeljaar aan, dan kan Solly toggie snags soe laat ytbly as dit soe reent nie." Solly wil sy hande uitsteek na sy ma toe, maar dis nes of daar ‘n muur tussen hulle is.

Toe, op ‘n dag, kom Solly en China daar aangery met ‘n wit

Mercedes. Nie ‘n nuwe nie, maar blink genoeg. China gooi ‘n es voor die huis, en Solly se ma klap die venster woedend to e toe sy sien hoe die bure en die kinders saamdrom om die kar. Daarna kom laai China hom elke aand op met die Mercedes. “My sjouffer,” lag Solly.

Een aand se Solly vir sy ma: “Mams, kom o’s trek weg uit Manen - berg, ek kan die plek nie mee’ vattie.”

Maar sy maak hom stil. “Ek wil niks met jou smokkelgeld te doen hê nie, gehoor!” skree sy en gaan lê op haar bed.

En ek wou Mams so graag gelukkig sien, dink Solly toe hy die voordeur agter hom toetrek - hy het China buite hoor toet, drie keer, is die teken. Mi skien kan hy een van die dae ophou verkoop, net eers genoeg geld bymekaarkry ...

Dieselfde nag is daar skielik ‘n harde geklop aan Solly se ma se voordeur. Sy spring verward uit die bed en gaan maak die deur angsbevange oop.

“J a?” vra sy hees.

Toe sien sy Solly by die twee polisiemanne. Hulle slinger hom in die huis in en slaan die voordeur toe. Solly is betrap met twee miljoen rand se dwelms, sê die een polisieman.

Solly sê geen enkele woord nie. Kyk net op die vloer voor hom. "My kin', my kin'," is a l wat uit sy ma se mond kom. Om haar het alles in duie gestort en sy huil onbeheerbaar terwyl die polisiemanne die huis deursoek. Maar hulle vind niks nie.

Die hele nag bly Solly se ma styf van die koue op 'n stoel sit. Yusuf en Yakoob, wat later wakker g eword het, wou weet wat aangaan, maar sy het net gesê: "Ga' slaap. Ek sil julle later sê."

Die volgende môre het sy polisiekantoor toe gegaan. Vir Yusuf het sy net gesê: "Kyk na jou broertjie." Sy is toegelaat om Solly 'n paar minute te sien. Sy het hom m et bewende hande omhels. En daar het sy Solly vir die eerste keer vergewe - in haar hart.

'n Week later het daar vir haar 'n brief gekom.

Liewe Mams

Om te sê ek is jammer sal nie eerlik wees nie. Ek maak geen verskonings vir my lewe nie. Ek het hard na goeie werk gesoek, Mams weet self. R150 was net genoeg vir huur, lig en water . Wat van kos? Aan die begin het die besigheid my baie gepla en ek wou ophou, maar toe sien ek vir die eerste keer hoe gelukkig Yusuf en Yakoob is. Niemand het hulle meer geterg oor hul

flenter skoene nie.

Maar wat Mams betref, is dit 'n ander storie. Dit het my baie - maal diep geraak as Mams nie die goed gebruik wat ek koop nie. Mams het bly loop met die klere wat Mams maak, asof my presente iets vuils was. Mams wou nie eers va n die lekker kosse eet nie. Bo alles was Mams altyd die enigste ordentlike iets in my lewe. Mams was die een wat ek baie graag gelukkig wou sien. Al het ek ook hoe hard probeer, kon ek Mams nooit omkoop nie. Vir jou, Mams, vra ek om my te vergewe. Niemand was bereid om my ‘n kans in die lewe te gee nie. Toe kies ek maar ‘n maklike uitweg.

Hier in die tronk is dit koud en dit maak my hartseer dat ek nie meer Mams se geskellery kan hoor nie. Want ek onthou die gebed wat Mams gesê het toe ek matriek slaag: “ God, lei my kinders op die regte weg, beskerm hulle teen boosheid. Vergun dat Yusuf en Yakoob dieselfde respek vir my moet hê soos Suleiman.” Hierdie woorde hoor ek nog elke dag in my kop.

Ek het nog steeds die hoogste respek en liefde vir jou, Mams, maar ek het naderhand nie meer geweet hoe om te stop nie. Van een ding is ek seker: Yusuf en Yakoob gaan beslis nie die pad loop nie. Hulle mag nie. Mams moet hulle alles vertel.

Mams moet kanalla nie vir my hier kom besoek nie. Mams is te ordentlik vir hierdie plek. Af en toe ‘n brief sal my gelukkig maak. Ek sluit nou af met al my liefde. Kanalla, Mams, ek vra net een ding - tamaaf vir alles wat ek gedoen het.

Jou verlore seun Solly.

Sy weet later nie meer hoeveel keer sy die brief al gelees het nie. Di e gelui van die telefoon bring haar tot haar sinne. Die stem is vreemd vir haar. Dis asof sy ook nie mooi kan hoor nie. Die woorde bly iewers in die lug hang. Toe, stadig, soos ‘n eggo, kom die woorde terug: “Mevrou Abrahams ... u seun is vanoggend dood aa ngetref in die sel . , . dit blyk .. , daar ‘n bakleiery was in die sel. 'n Steekwond.. ,”

Die telefoon gly uit haar hand.

“Ek vergewe jou, Solly, ek gie vi’ jou maaf. Suleiman, my kin’ ...

ag, my kin'..."